DR. D. R. SNYMAN,
ORGANISERENDE SONDAGSKOOLSEKRETARIS
VIR KAAPLAND
DELANEYWEG,
PLUMSTEAD, KAAPSTAD

ɡte Mnr. en Mevr. Els,

Ons verbly ons saam met u dat die Here u so wonderlik
ɔs het uit die bek van die leeus. Wy u ten volle aan die Here saam
ı kinders. Dis die Hand van die Here wat u verlos het.

Gods rykste seën u toegebid,
Geheel die uwe in die Here,

ril 1954.

D. R. en Mevrou Snyman.

## UIT DIE BEK VAN DIE LEEUS VERLOS.

( Opgedra aan Mnr. en Mevrou R.C. Els

Hier is die leeus, pas op hul storm,
Vrou vlug gou weg saam met ons kroos.
So roep die man, in angs en nood,
hy wil hul red, al moet hý dood.

Die leeue brul, die aarde dreun,
Hul storm, hy val, met geweer en al.
O God, help my, ek is alleen,
so bid die man diep uit sy hart.

Briesend, tierend, die leeu op hom,
hy slaan sy kaak diep in sy vlees.
Dit bloei, dit pyn, hoog is die nood:
„Dis klaar met my, ek voel die dood".

Die vrou staan stil, sy vlug nie weg,
n Leeuehart het sy ontvang.
„Nou moet ék help, o God help my,
verjaag die leeu weg van sy prooi".

Sy klap die leeu, sy ruk die dier,
laat los, laat los, laat staan my man.
Sy beur en trek so goed sy kan,
Is haar krag klein, haar God is sterk.

Die leeu staan op en pak die vrou,
hy gryp, hy byt, hy slaan sy klou,
diep in haar vlees blitsvinnig gou,
groot is haar moed, sterk haar geloof.

Die man spring op, hy gryp sy roer,
Hy druk dit teen die leeu se kop.
Daar val die skoot, die leeu val om,
God het gehelp, sy Naam tot roem.

Nou is die band wat hul verbind,
sterk en heilig, meer as voorheen,
Hoe goed is God, hoe groot sy krag,
vir die wat op die Heer bly wag.

Kom laat ons dank, die Here roem,
want God alleen het dit gedoen.
Sing dan sy lof, maak groot sy Naam,
Sing man en vrou en kinders saam.

D. R. Snyman.